
# 46 Daar bloei ‘n Roos so welbemind




Die mooiste Roos van kleur so fyn,
wat ons vervul met vreugde,
is u, Maria, Moeder rein,
van God verkies weens deugde.
U, Dogter van die hoogste Heer,
die Seun vir U as Moeder eer,
Bruid van die Lewegewer.

O Moeder, heerlik is u Naam,
uself vol van ontferming,
ons almal roep vertrouend aan
u hulp en u beskerming.
O Reine Roos, o Wonderblom,
ons smeek: Laat ons na u toe kom,
amen, ná hierdie lewe.

Onbekend Boheemse Broederskap Gesangboek (1566)